



Subject: Grade 8 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Topic: EBW: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Total: 80 Marks

1. A: Belasting.

4 marks

Explanation:

Die Nasionale Begroting beskryf hoeveel geld die regering verwag om te ontvang deur belastinge en leenings en hoe die regering beplan om dit te bestee aan dienste soos onderwys, maatskaplike welsyn en gesondheidsorg tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

Huishoudings betaal belasting aan die nasionale regering sodat hulle die provinsies en munisipaliteite kan bestuur en dienste verskaf wat die huishoudings kan gebruik.

Besighede betaal ook belasting aan die nasionale regering.

Die regering gebruik die geld wat deur belasting ontvang word om openbare goedere en dienste te verskaf.

2. D: Besighede

4 marks

Explanation:

Besighede is **produsente** aangesien hulle goedere en dienste produseer om te verkoop.

Besighede is **verbruikers** aangesien hulle huishoudings se arbeid aankoop of gebruik om hul produkte of dienste te produseer.

Daar is verskeie maniere waarop die regering en besighede in die ekonomie op mekaar inwerk.

Die term "besigheid" word gebruik om na die vervaardigers en produsente van goedere en dienste in die ekonomie te verwys. Besighede word ook firmas genoem.

Besighede neem lede van huishoudings in diens en betaal vir hul arbeid. Op hierdie manier gee hulle huishoudings die vermoë om belasting aan die Nasionale Regering te betaal.

3. C: Huishoudings "verkoop" hul arbeid vir geld.

4 marks

Explanation:

Huishoudings verskaf arbeid en kapitaal aan die regering, is verbruikers van elektrisiteit en water en gebruik die infrastruktuur, soos paaie.

Geld beweeg deur die ekonomie wanneer die huishoudings hul **arbeid** aan besighede **verkoop** en besighede **geld** aan **huishoudings** betaal in die vorm van **salarisse** en **lone**.



4. false

2 marks

Explanation:

Aangesien die regering die meeste van hulle geld uit belasting op die werksmag verdien, wil dit werkskepping en ekonomiese groei aanmoedig.

Die regering doen dit deur geld aan die volgende te bestee:

- Openbare vervoer sodat werkers vinnig en goedkoop by die werk kan kom.
- Werkskeppingsprojekte wat ongeskoolde werkers benodig.
- Onderwys.
- Verbeterde infrastruktuur soos elektrisiteit, water, vervoer, telekommunikasie, hospitale en behuising.

5. uitgawe | uitgawerekening

3 marks

Explanation:

Versekering is 'n **uitgawerekening**. Dit lei tot 'n ekonomiese uitvloeï vir die besigheid. Dit is iets wat die eienaar sal moet betaal om sy of haar eiendom of voertuig te beveilig.

6. D: Om wette te skep en toe te pas.

4 marks

Explanation:

Die regering is verantwoordelik vir die **maak** van die land se **wette**.

'n Land se regering is verantwoordelik om te verseker dat **orde gehandhaaf** word en dat daar **genoeg geld** is vir **infrastruktuur** en **dienste** soos paaie, hospitale, skole, polisiedienste en elektrisiteit.

Ander funksies van die regering sluit die volgende in:

- **Beskerm** burgers teen bedreigings en aanvalle deur ander lande.
- **Verskaf** die goedere en dienste wat **benodig** word, wat nie in die land geproduseer word nie of waarvan daar nie genoeg geproduseer word nie.

7. true

2 marks

Explanation:

Belasting is 'n **verplichtende betaling** wat deur die burgers betaal word, sonder dat hulle 'n direkte voordeel uit hierdie betalings ontvang. Voorbeelde sluit doeaneregte, aksynsbelasting, inkomstebelasting en BTW in.

Belasting is die staat se **hoofbron van inkomste**.

8. hoër • vaardighede

4 marks

Explanation:

Mense wat meer geld verdien handhaaf 'n**hoër** lewenstandaard. Die rede hiervoor kan wees dat hulle meerv**vaardighede** het.

Sommige mense het **voltydse werk**, terwyl ander slegs deelyds werk of selfs slegs seisoenale werk kan kry.

Sommige mense het **meer werkservaring** as ander, daarom kan hulle 'n hoër salaris verdien.

Sommige mense het **opleiding** ontvang en het **spesiale vaardighede**, terwyl ander ongeskoold is.

Sommige mense **werk baie hard**, terwyl ander nie hardwerkend is nie.

Sommige mense woon in 'n **gebied** waar daar **baie werksgeleenthede** is, terwyl ander in 'n gebied woon wat minder geleenthede bied.

9. debietkant | debiet

3 marks

Explanation:

Die **linkerkant** van die grootboekrekening word die **debietkant** genoem.

Dit is die kant waar bate- en uitgawerekeninge in waarde sal **toeneem**.

10. kredietkant | krediet

3 marks

Explanation:

Die **regterkant** van die grootboekrekening word die **kredietkant** genoem.

Dit is die kant waar inkomste- en lasterekeninge in waarde sal **toeneem**.

11. false

2 marks

Explanation:

Die **Nasionale Begroting** beskryf hoeveel geld die regering **verwag om te ontvang** deur belasting en lenings en hoe die regering **beplan** om dit te **bestee** aan dienste soos onderwys, maatskaplike welsyn en gesondheidsorg tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

12. bankstaat

3 marks

Explanation:

Die **bankstaat** vertoon die bank se transaksies met die besigheid.

Al die geld wat die besigheid **ontvang** en **gedebiteer** het in die rekeningkundige rekords, sal op die bankstaat **gekrediteer** word.

Al die geld wat die besigheid **betaal** en **gekrediteer** het in die rekeningkundige rekords, sal op die bankstaat **gedebiteer** word.

13. foute • ongelykhede

4 marks

Explanation:

Die regering probeer **foute** en **ongelykhede** uit die verlede regstel deur gratis onderwys te voorsien.

Hierdie foute hou verband met Apartheid, wat in die 1900's plaasgevind het.

14. goedere • dienste

4 marks

Explanation:

Die **lewenstandaard** kan beskryf word as mense se **toegang** tot dinge soos **goedere** en **dienste** wat die lewe meer gemaklik maak.

Mense wat in verskillende ekonomiese omgewings woon sal verskillende vlakke van lewenstandaarde hê, sommige hoër as ander.

'n Persoon se lewenstandaard bepaal die lewenstyl wat die persoon kan geniet.

15. deposito | deponeer

3 marks

Explanation:

Wanneer die besigheid geld ontvang en 'n kwitansie uitreik, moet 'n **depositostrok** gebruik word om die geld in die besigheid se bankrekening te **deponeer**. Die bankteller gaan die besonderhede op die depositostrok na om seker te maak dat dit dieselfde is as die geld en tjeks wat ingesluit is.

16. brondokument | bron | brondokumente

3 marks

Explanation:

Brondokumente word gebruik om kontanttransaksies in die besigheid se boeke aan te teken.

- **Duplikaatkwitansie:** Om kontantonvangste aan te teken.
- **Elektroniese Fondsoorplasing (EFT):** Om kontantbetalings aan te teken.
- **Kasregisterrol:** Om kontantverkope aan te teken.
- **Banksstaat:** Om elektroniese fondsoorplasinge (EFT's) aan te teken en te verifieer.

Explanation:

Die drie vlakke van regering:

- **Nasionale regering:** Hierdie vlak is verantwoordelik vir die algehele bestuur van die land en hanteer nasionale kwessies soos veiligheid en sekuriteit, buitelandse sake en internasionale handel.
- **Provinsiale regering:** Elkeen van die nege provinsies het 'n regering om die Nasionale Regering se werk te vergemaklik. Die Departement van die Provinsiale Regering is verantwoordelik vir die nasionale koördinering van provinsies.
- **Plaaslike regering:** Verantwoordelik vir basiese dienste, soos water en elektrisiteit en instandhouding.

Explanation:

Die twee vorms van **direkte belasting** wat in die diagram aangedui word, is:

- Persoonlike inkomstebelasting - bn
- Korporatiewe inkomstebelasting (maatskappybelasting) - bn

Persoonlike inkomstebelasting is 'n vorm van belasting wat deur individue betaal word op die inkomste wat 'n persoon verdien (LBS). 'n Persoon met 'n lae inkomste betaal geen belasting nie, terwyl iemand met 'n baie hoë salaris tot van hul inkomste in belasting betaal. Dit is die regering se manier om mense met laer inkomstes te help.

Maatskappybelasting is 'n vorm van belasting wat deur besighede betaal word op die winste wat hulle verdien.

Kapitaalwinstbelasting is 'n vorm van inkomstebelasting wat deur individue betaal word wanneer hulle 'n wins maak met die verkoop van sekere bates, soos aandele en huise.

Explanation:

Regeringsbesteding fokus op die voorsiening van **onderwys, gesondheidsorg, veiligheid en sekuriteit** en die nodige **infrastruktuur** (paaie, lughawens, spoorweë, hawens, hospitale en skole) aan landsburgers.

Die regering is verantwoordelik daarvoor om die vrede te bewaar en om reg en geregtigheid in die land te handhaaf. Die regte en veiligheid van alle landsburgers moet beskerm word. Vrede en stabiliteit lok besigheidsbeleggings, wat help om die ekonomie te groei.

Die regering moet dus seker maak dat die polisiemag voldoende beman en opgelei is om hul werk te doen en die regte van mense wat dit dien, te respekteer.

20. om klere te maak om te verkoop

4 marks

Explanation:

Om bome af te kap wat **nie** "uitheemse bome" is nie, sal 'n **skaarste** vir die omgewing veroorsaak.

Die verbranding van vullis veroorsaak **besoedeling** en kan alle **lewende wesens** skade aandoen.

Nog voorbeelde van **projekte** om by betrokke te raak:

- Meubels maak van uitheemse bome.
- Toestelle herstel.
- Klere regmaak of verander.
- Saailinge kweek om te verkoop.

21. A: Billike en gelyke verspreiding van hulpbronne.

4 marks

Explanation:

'n Land se regering is verantwoordelik om te verseker dat **orde gehandhaaf** word en dat daar **genoeg geld** is vir **infrastruktuur** en **dienste** soos paaie, hospitale, skole, polisiedienste en elektrisiteit.

Elke provinsie word in **munisipaliteite** verdeel om die taak om die provinsie te bestuur **makliker** te maak.

Vir 'n land om **behoorlik** te werk, moet mense **toegang** tot **hulpbronne** en **dienste** hê. Hierdie mense kan **huishoudings** of **besighede** wees.

22. false

2 marks

Explanation:

Die Nasionale Begroting is 'n doeltreffende instrument om die ongelykhede wat deur apartheid se ekonomiese beleide van die verlede veroorsaak is, reg te stel.

Die Nasionale Begroting poog om hierdie wanbalanse met die volgende inisiatiewe reg te stel:

- Maatskaplike toelaes aan byna 'n derde van die bevolking van Suid-Afrika.
- Gratis gesondheidsdienste aan arm gemeenskappe.
- Geen skoolgeld vir van leerders.
- Behuising, water en elektrisiteit in arm gemeenskappe.
- Werkskepping vir die armes en om hulle nuwe vaardighede wat in aanvraag is in ons nywerhede te leer.

23. landelike samelewing • moderne samelewing

4 marks

Explanation:

Die bevolkingsdigtheid in 'n **landelike samelewing** is baie laag en daar is groter gebiede oop stukke grond. Mense in landelike samelewings gebruik dikwels minder tegnologie as mense in moderne samelewings.

In 'n **moderne samelewing** is daar 'n hoë vlak van ekonomiese ontwikkeling, wat 'n groot volume ekonomiese aktiwiteit met 'n goed-ontwikkelde infrastruktuur insluit. Moderne samelewings word dikwels in meer ontwikkelde lande van die wêreld aangetref, meestal in stede en stedelike gebiede.

24. true

2 marks

Explanation:

Aksynsbelasting word op tabak- en alkoholprodukte gehef om mense te ontmoedig om dit gebruik. Dit word ook **sondebelaasting** genoem.

25. tradisionele samelewings • landelike

4 marks

Explanation:

Sommige samelewings funksioneer op hul eie en voorsien aan al hul eie behoeftes en begeertes. Hierdie samelewings staan bekend as **tradisionele samelewings**.

Hierdie samelewings woon gewoonlik in **landelike** gebiede aangesien die mense in hierdie samelewings ruimte benodig om hul kos te verbou.

Total: 80 Marks